

WEEKPROGRAM

Sondag - 18/10

08:30	Voorbidding (Gebedskamer)
09:00	Erediens (Kerkgebou) - Nagmaal
	Voetekerk & Juniorjeug (Jeugsaal)
17:30	Seniorjeug (Jeugsaal)

Dinsdag - 20/10

18:00	L - I - F - T (Voetekerk)
-------	---------------------------

Woensdag - 21/10

09:00	Seniorbybelstudie (Jeugsaal)
18:30	Vrouebybelstudie

Vrydag - 23/10

6:00	Mannebiduur (Jeugsaal)
------	------------------------



om in Jesus se voetspore te leef

TEMA: DIE NAGMAAL LAAT ONS ONTHOU 18 Oktober 2026

Teks: Lukas 22:14-27 Ds. Johan Orsmond

HEILSMUUR

DIE HERE IS MY TOEVLUG
(JOHANNES 4:1-42)

- 1.) (Jesus ingesprek) Vers 14: "maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie."
- 2.) Ons dors na God, want ons is dors na vrede in ons lewe. God het Sy Seun Jesus na hierdie wêreld gestuur om aan ons lewende water aan te bied.
- 3.) By die put van Sagar wag Jesus vir sy dissipels - ook weet Hy van die Samaritaanse vrou wat op ander tye by die put water kom skep. "Jesus vra haar water om te drink en bied haar lewende water aan. Eers huiwer sy, totdat Jesus Hom aan haar bekend stel. 'Ek is die Messias wat gekom het vir 'n verlore gaande wêreld. Ook vir jou.'"
- 4.) Dankie Vader dat U, U Seun na die wêreld gestuur het met lewende water, ook vir my. Amen!!

GEBEDSVERSOEKE

1. Voorbidding vir Chris van Dalen, Rina Kriel & Suzanne Jansen.
2. Ons innige meegevoel aan die familie en vriende van Nellie du Plessis met haar afsterwe.
3. Ons gemeente dra ook graag al ons matrikulante op in gebed - sterkte met julle eindeksamen...
4. Voorbidding vir die Noordelike sinode se sinodesitting wat hierdie week plaasvind.

ONS KUIER SAAM:

Teeskinkspan aan diens: 18 Okt.

- **Annalene & Diek**


Baie dankie vir julle hulp
& gasvryheid...



HULP BENODIG:

Ons kort asb die hulp van vrywilligers om
betrokke te raak by die klankspan wat op
Sondae help tydens die erediens...

Kontak Ds Johan - 082 264 5253



NEEM KENNIS:



HOT CHOCOLATE,
WEGNEEMKOFFIE, HEERLIKE MUFFINS,
CHOC-CHIP KOEKIES &
HAM-EN-KAAS TOEBROODJIES...

**WORD DEEL VAN DIE
AMENSUSTERS.
KONTAK TAMRYN BY
079 676 9150**

**HOUT
te koop**



@ R70
vir 18kg

(beskikbaar Sondag na kerk
onder die afdak & Weeksdag
9:00-12:00 by die kerkkantoor)

OMGEE:

Die **Vrouebediening** vra asb vir skenkings van seep, room, koekies, sjokolade, tandepaste, lekkers of enige gepaste items vir hulle *Kersfees "Skoenboks"-projek*. Kontak Maryke (084 506 3042) of Lizelle (084 474 6764) vir verdere inligting.



GELOOFSGEDAGTES:

Koninkrykstyding 1 -

Koninkrykstyding is die tyd in die kerklike jaar waarin ons fokus op die koninkryk van God en hoe ons dit in ons alledaagse lewe sigbaar maak.

Dit herinner ons daaraan dat Jesus Christus Koning is en dat sy koninkryk nie net iets is waarop ons wag nie, maar iets waarvan ons reeds deel is.

In Koninkrykstyding ontdek ons opnuut wat dit beteken om as burgers van God se koninkryk te leef: om liefde te wys, vrede te bring, geregtigheid te bevorder, genade uit te deel en hoop te bring waar daar moedeloosheid is.

Koninkrykstyding herinner ons dat ons nie net vir God se koninkryk moet bid nie, maar ook geroep is om dit met ons woorde, ons keuses en ons dade sigbaar te maak.

Want waar mense Jesus se liefde uiteleef, begin iets van God se koninkryk sigbaar word.

NG KERK HARTBESPOORT, ABSA, REKNR: 0640 580 364

Opsies om jou dankoffer te gee: EFT, Zapper, kontant of Debietorder.
(Debietordervorms is op ons webblad of by die kerkkantoor beskikbaar.)

**Z KYK UIT VIR DIE ZAPPERKODEPLAKKERS AGTER OP DIE
STOELE & KERKBANKE...**



KANTOOR - ANGIE 012 253 1991X100
KANTOOR@HARTIESNG.ORG

JEUG - ELIZMA 012 253 1991X103
JEUG@HARTIESNG.ORG

POORTBODE - ELIZMA 012 253 1991X103
KOMMUNIKASIE@HARTIESNG.ORG